higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

10 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Anemie
1.2 Simptome
1.3 Epidemie
1.4 Teenliggaampies
1.5 Patogeen
1.6 Perinataal
1.7 Parasiet
1.8 Limf
1.9 Rubella
1.10 Dehidrasie

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar
2.11 Onwaar
2.12 Waar
2.13 Waar
2.14 Waar
2.15 Waar

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

3.1 Lyfstraf
3.2 Armoede
3.3 Kleuterskool
3.4 Persoonlike identiteit
3.5 Vrywilligersdienste
3.6 Gemeenskap
3.7 Gesin
3.8 Rasgemengde familie
3.9 Pleegsorggesin
3.10 Babawagter

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 R
4.2 H
4.3 J
4.4 G
4.5 F
4.6 E
4.7 D
4.8 I
4.9 B
4.10 K
4.11 O
4.12 Q
4.13 P
4.14 N
4.15 M

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Kan 'n tekort aan voedingsryke kos veroorsaak
- 'n Gebrek aan behoorlike ontspanning
- Swak gesondheidsorg
- 'n Gebrek aan skryfbehoeftes by skole
- Gebrekkige toegang tot goeie onderwys
- Swak sanitasie

(Enige 4 × 2) (8)

5.2
5.2.1 Sy het 'n kinderoppasser nodig.
5.2.2 Sy is 'n kinderoppasser of dagmoeder.
5.2.3 Sy is 'n au pair.
5.2.4 'n Crèche/speelsentrum/VKO-fasiliteit

(4 × 2) (8)

5.3
5.3.1 Die gebruik om meer as een vrou te hê

5.3.2 'n Huishouding waarin die gesin deur die vrou of deur vroue behartig word

(2 × 2) (4)
[20]

VRAAG 6

6.1
- Deur die bottels in ’n kastrol op die stoof te kook
- Deur 'n kouewatersteriliseerder te gebruik
- Deur 'n steriliseerder in die mikrogolf te gebruik
- Deur 'n elektroniesestoomsteriliseerder te gebruik (4)

6.2
- Bleikmiddel
- Insektesproei
- Lugverfrissers of selfs seep
- Dreinreinigingsmiddel (4)

6.3
- Voorskoolse kinders se koppe kom heelwat in kontak met mekaar.
- Hulle deel moontlik haarborsels.
- Wanneer hulle slaap, is dit dikwels baie naby aan mekaar.
- Hulle deel moontlik hoede, en so meer, in die fantasiehoekie. (4)

6.4
- Deur die lug, deurdat daar gehoes of genies word en die mond nie toegehou word nie
- Deur kos en drinkgoed
- Deur middel van insekte
- Deur kontak soos om hande te vat
- Deur besmette water

(Enige 4 × 2) (8)
[20]

VRAAG 7

7.1
- Verbeter gesondheidsorgsentrums, veral in plattelandse gebiede.
- Stuur gereeld programme oor goeie gesondheidsorggewoontes van stapel.
- Hou inentingsveldtogte.
- Beheer die verspreiding van siektes.

(Enige 4 × 2) (8)

7.2
- Deur seksuele mishandeling
- Deur met 'n ander besmette kind se bloed te speel of daaraan te raak
- Van die besmette moeder – tydens kindergeboorte (3)

7.3
- Plaas alle reinigingsmiddels op hoë rakke in 'n sluitbare kas.
- Laat veiligheidslotte aan kaste installeer.
- Moet nooit dat elektriese koorde oor kombuistoonbanke lê nie.
- Wanneer 'n kastrol gebruik word, draai die handvatsel na binne.
- Maak seker dat gas- of paraffienstowe afgeskakel word wanneer dit nie gebruik word nie.
- Installeer rookalarms.

(Enige 5 × 1) (5)

7.4 Die reg op 'n naam en nasionaliteit vanaf geboorte

Die reg op gesondheid en gesondheidsdienste wat hulle kan laat groei en kan laat ontwikkel (2 × 2) (4)
[20]

VRAAG 8

8.1
- Verskillende kulture het verskillende beskouings oor hoe individue by 'n samelewing inpas.
- Geslagsidentiteit: Verskillende kulture het hul eie idees oor hoe verskillende geslagte gehanteer moet word.
- Dissipline: Sommige kulture is in talle gevalle strenger as ander.
- Dieet: Sommige godsdienste het streng reëls oor wat hulle moet en nie mag eet nie.
- Klere: Party godsdienste soos Islam het streng klerekodes.
- Slaapreëlings: Party ouers laat hul kinders toe om 'n bed met hulle te deel, terwyl hierdie gebruik in ander kulture onaanvaarbaar is.
- Gesondheid en higiëne: Bepaalde kulture maak van hul eie rate gebruik, terwyl ander op professionele mediese sorg aandring. (Enige 5 × 1) (5)

8.2
- Laat die kind ander kinders of volwassenes dophou wat die toilet gebruik.
- Begin deur toerusting soos 'n klein potjie te koop.
- Vra die kind gereeld of hy/sy die toilet wil gebruik.
- Verduidelik aan die kind hoe die potjie gebruik moet word.
- Hou die atmosfeer ontspanne; moenie op die kind skree as hy/sy dit nie reg gebruik nie.
- Praat oor die toilet en die verskillende liggaamsdele.
- Hou by 'n vaste tyd of daaglikse toiletroetine.

(Enige 5 × 1) (5)

8.3
- Kry al die artikels wat jy tydens en ná badtyd nodig sal kry in gereedheid.
- Hou 'n telefoon byderhand vir 'n noodgeval.
- Maak seker dat die vertrek warm is.
- Maak die bababad eers met koue water en dan met warm water vol.
- Trek die baba uit, maar hou die doek aan.
- Draai die baba in 'n handdoek toe.
- Begin deur die baba se gesig en dan die res van die liggaam te was.
- Skenk aandag aan voue in die vel, onder die arms en tussen die bene.
- Wanneer jy die baba klaar gebad het, draai hom/haar in 'n droë handdoek toe en droog die baba af. Trek dan gemaklike klere vir hom/haar aan.

(Enige 5 × 1 – volgorde is nie belangrik nie) (5)

8.4
- Die kind se naam
- Die kind se ouderdom
- Die kind se massa
- Die kind se lengte
- Alle immuniserings wat toegedien is
- Enige gesondheidsprobleme

(Enige 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 9

9.1
- Suid-Afrikaanse Polisiediens
- Departement van Maatskaplike Dienste
- Kinderlyn ('Childline')
- Bobby Bear

(Enige 2 × 2) (4)

9.2 Ouers moet gemorskos beperk.
Stel 'n voorbeeld wanneer daar gepeusel word deur die gesondste opsies te kies.
Openbaar goeie gedrag soos om baie water in plaas van sap te drink.
Wanneer daar uitgeëet word, kies die gesondste opsie en moedig jou kind aan om dieselfde te doen. (Enige 4 × 2) (8)

9.3
- Skep 'n aangename atmosfeer en praat oor die dag wat verby is.
- Hou 'n kamma-piekniek.
- Sit klein porsies voor.
- Moedig die kinders aan om te help om die tafel te dek.
- Beproef disse waarvan die kind sal hou.
- Verdoesel die kos waarvan die kind nie hou nie.
- Moenie die kind dwing om te eet nie; vind eerder uit waarom hy/sy nie van sekere voedselsoorte hou nie.
- Moenie kos as beloning gebruik nie.

(Enige 4 × 1) (4)

9.4
- Mediese redes, byvoorbeeld wanneer die skildklier nie behoorlik funksioneer nie
- Dieetredes, die gebrek aan kennis van goeie kos en die verbruik van te veel gemorskos
- Genetika, dit wil sê wanneer die kind ouers het wat aan vetsug ly
- Tuisomgewing – die gesin se gewoontes
- Sittende lewenstyl – wanneer die kinders nie aktief is nie
- Sielkundige redes – wanneer die kinders aan spanning ly of trooskos eet

(Enige 4 × 1) (4)
[20]

VRAAG 10

10.1 Voedselpiramide



1 punt✓ vir die skets en een punt vir elke byskrif✓✓✓✓ (1 + 4) (5)

10.2 10.2.1 Sosiale ontwikkeling, aangesien sy hul deelgewoontes en sosiale vaardighede wil ontwikkel

10.2.2 Intellektuele ontwikkeling – die ontwikkeling van hul kognitiewe vaardighede deurdat hulle moet tel

10.2.3 Emosionele ontwikkeling, aangesien sy etenstye genotvol en spanningsvry wil maak

10.2.4 Fisiese ontwikkeling, aangesien sy seker maak dat sy goeie, voedsame kos aan hulle voorsit

(4 × 2) (8)

10.3
- Reguleer liggaamstemperatuur.
- Dra voedingstowwe in die hele liggaam rond.
- Bevogtig die vel.
- Verbeter die spysverteringstelsel.
- Smeer die litte.
- Help om afvalprodukte by jou liggaam uit te skei.

(Enige 4 × 1) (4)

10.4
- Bleek vel
- Sponsagtige tandvleise
- Oop sere
- Tande wat uitval, moeilike bewegingsvermoë, depressie, kolle op die vel

(Enige 3 × 1) (3)
[20]

VRAAG 11

11.1
- Hulle kan in geroeste spykers trap en tetanus opdoen.
- Honde kan hulle byt.
- Hulle kan by 'n boom uitval en 'n been breek.
- Hulle kan in emmers water wat buite rondstaan, verdrink.
- Hulle kan op gebreekte glas trap.

(Enige 4 × 2) (8)

11.2
- Seksuele misbruik
- Liggaamlike mishandeling (2 × 2) (4)

11.3
- Hou 'n spesiale dag waarop die kinders mekaar se verskille betreffende kos en klere kan vier.
- Behandel alle kinders op dieselfde manier en vra hulle om hul verskille met mekaar te deel, dit wil sê waarom hulle bepaalde goed doen op die manier waarop hulle dit doen.

(Enige 2 × 2) (4)

11.4
- Wend koue water op die gebrande area aan.
- Verwyder enige styfpassende juwele en klere omdat die gebrande area kan opswel.
- Moenie enige rome aansmeer voordat 'n dokter die brandwonde gesien het nie.
- Die blase moet nie geprik word nie.
- Klere wat aan die brand geraak het, moet nie verwyder word nie; slegs 'n dokter kan.

(Enige 4 × 1) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou